# PNHS GEDRAGSKODE

(soos aanvaar deur die VLR in 2011 en hersien in 2026 deur die Dagbestuur)

**AANHEF**

- **Visie:**
  Hoërskool Pretoria-Noord is ‘n skool wat streef na uitnemendheid op alle gebiede.

- **Missie:**
  Hoërskool Pretoria-Noord sal deur geloof, hoop en liefde die leerders in hul moedertaal onderrig en begelei tot uitnemendheid op akademiese-, kulturele- en sportgebied. Deur hierdie holistiese benadering sal leerders toegerus word vir die eise van die lewe en die beroepswêreld.

## 1. DIE VEILIGHEID VAN DIE SKOOL EN SY EIENDOM

- Die leerders en opvoeders van Hoërskool Pretoria-Noord distansieer hulleself van enige vorm van geweld, vandalisme en ander onaanvaarbare gedrag.
- Alle leerders, opvoeders en die ouers is onder die verpligting om die eiendom van die skool op te pas. Enige skade-/ verdagte skademakers moet aan toesighoudende personeel, die PN-Raad en VLR- voogde, of die adjunkhoof, of die hoof, of sy verteenwoordiger gerapporteer word.
- Misbruik en beskadiging van skooleiendom word nie aanvaar nie, en sal as 'n oortreding beskou word. Persone wat met bg. in verband gebring kan word, kan selfs wetlike stappe verwag.
- Skooleiendom mag nie van die skoolterrein verwyder word sonder die toestemming van die Beheerliggaam of sy verteenwoordiger nie.
- Die skoolterrein en klasse moet netjies gehou word, en dit is die verantwoordelikheid van alle leerders en opvoeders.
- Alle persone wat gebruik wil maak van die skoolterrein moet toestemming verkry vanaf die hoof of sy verteenwoordiger.

## 2. AKADEMIESE INGESTELDHEID

- Hoërskool Pretoria-Noord se eerste prioriteit is om ‘n veilige leeromgewing te skep asook ‘n wil om te leer onder leerders en opvoeders.
- Alle leerders en opvoeders moet hulle skoolwerk pligsgetrou en toegewyd benader om gehalte onderrig te verseker.
- Indien enige verpligte huiswerk, klaswerk, toetse en / of akademiese taak nie verrig word nie, is dit strafbaar volgens die dissiplinêre stelsel.
- Indien die gedrag van leerders of opvoeders die leerproses ontwrig, is dit strafbaar volgens die dissiplinêre stelsel.
- Die steel en / of verwoesting van boeke en leermateriaal is strafbaar volgens die dissiplinêre stelsel van die skool.
- Die intimidasie van leerders en opvoeders is onaanvaarbaar en is strafbaar volgens die dissiplinêre stelsel.

# GEDRAGSKODE

3. **RESPEK EN HOUDING / GEDRAG IN DIE SKOOLOMGEWING**

   Leerders moet respek toon teenoor volwassenes, hetsy personeel of enige besoekers aan die skool.

   Enige persoon wat:

- Leerders of opvoeders intimideer.
- Dwelms, alkohol, ens. na die skool bring of gebruik.
- Wapens of enige ander instrumente wat die skool se leerders of opvoeders in gevaar kan stel na die skool bring.
- Sonder respek optree, d.w.s. op 'n onaanvaarbare manier handel, sal hanteer word volgens die dissiplinêre stelsel.
- Geen aggressiewe gedrag sal aanvaar of geduld word nie.

   Gedrag by uitstappies / sportgeleenthede:

- Daar word van leerders verwag om 'n positiewe gesindheid te openbaar en onberispelik op te tree. Geen vuil taal of wangedrag sal geduld word nie.
- Goeie sportmangees moet te alle tye openbaar word. Die skeidsregters / beoordelaars se beslissing is finaal en moet gerespekteer word.
- Die regte skooldrag / sportdrag moet gedra word.
- 'n Positiewe gesindheid en gees teenoor mededingers moet gehandhaaf word.

4. **STIPTELIKHEID**

- Daar word te alle tye van die leerders en opvoeders verwag om betyds by die skool en by klasse aan te kom.
- Laatkom is nie aanvaarbaar nie, ook nie tydens klaswisseling nie en sal hanteer word volgens die dissiplinêre stelsel van die skool as 'n oortreding m.b.t. die grondwet. Verskonings sal by uitsondering aanvaar word. Herhaalde laatkommery sal lei tot dissiplinêre optrede.
- Leerders is verplig om die skool vir die volle akademiese dag by te woon. Verlof kan op grond van goeie motivering toegestaan word aan 'n leerder wat die skool vroeër/ later moet verlaat. Verlof moet op die voorgeskrewe wyse verkry word.
- Stiptelikheid word verwag vir uitstappies, sportbyeenkomste, oefeninge, optredes, ens.

5. **HANDHAWING VAN DISSIPLINE**

   Alle oortredings m.b.t. binne- of buite-kurrikulêre aangeleenthede sal hanteer word volgens die dissiplinêre stelsel en die gedragskode.

**SLOTSOM**

Die standaarde soos neergelê in die gedragskode, moet staande bly en uitgevoer word. Dissipline en die wil om te leer, is die sleutelfaktore om ons vermoëns te ontsluit om uitdagings - vandag en in die toekoms- aan te pak, en om ons land te transformeer na 'n land van vrede en geleenthede vir almal.

# WAARDEGEDREWE DISSIPLINE

**DOEL:**

- Om die fokus van ons dissiplinêre stelsel te verskuif van 'n reëlgedrewe stelsel wat negatiewe gedrag uitwys en straf, na 'n waardegedrewe stelsel wat positiewe gedrag aanmoedig en beloon.
- Die doel is nie om skoolreëls en die straf vir oortreding daarvan weg te neem nie, maar om soveel klem op positiewe waardes en gedrag te plaas dat leerders so daarop sal fokus dat dit nie meer nodig sal wees om reëls en straf toe te pas nie.
- Ons sal graag dit wat ons in ons skool se kinders se gedrag wil sien, opsom in vier hoofwaardes wat ons in so 'n mate wil beklemtoon en beloon dat ons kinders hierdie waardes vrywillig sal begin aanhang en so outomaties binne die reëls van die skool sal beweeg.

**VIER HOOFWAARDES WAT NAGESTREEF WORD BY PNHS:**

1. Verantwoordelikheid
2. Respek
3. Lojaliteit
4. Integriteit

**METING VAN HIERDIE HOOFWAARDES:**

**1. VERANTWOORDELIKHEID**

- *'n Pligsbesef om verantwoordelikhede nougeset na te kom.*
- Geen inskrywing in 'n vak oor 'n kwartaal verdien 'n handtekening vir daardie kwartaal van elke vakonderwyser. (7 vakke x 4 kwartale = 28)
- Skoolbywoning. Geen afwesigheid / uitteken vir 'n maand nie verdien 'n handtekening van die voogonderwyser. (10 maande x 1 = 10)
- Alle voogverpligtinge (terugbring van skeurstrokies / afwesigheidsbriewe, ens.) nagekom vir 'n kwartaal verdien 'n handtekening van die voogonderwyser vir daardie kwartaal. (4 x 1 = 4)
- Geen toetse gedruip in 'n vak vir 'n kwartaal nie verdien 'n handtekening vir daardie kwartaal van die vakonderwysers. (7 vakke x 4 kwartale = 28)
- Bewys van gemeenskapsdiens bv. diens by DBV, tehuise, ens. (1 x geleentheid)
- Enige diens aan die skool gelewer, bv. hekdiens, oueraanddiens, opedagdiens ens. (1 handtekening per geleentheid).

**2. RESPEK**

- *Respek vir die mense om jou, byvoorbeeld groet altyd meerderes en minderes, respek teenoor teenoorgestelde geslag.*
- Voog- en vakonderwysers kan na 'n kwartaal 'n handtekening gee indien hy/sy tevrede is dat 'n leerder respekvol is teenoor mense om hom/haar deur altyd vriendelik te wees en te groet.
- (8/10 vakonderwyser/voog x 4 kwartale = 32/40)
- Respek vir jou skooldrag. 'n Leerder wat deur 'n kwartaal altyd netjies is op sy/haar skooldrag deur die voorkomsreëls nougeset na te kom.
- Indien 'n voog vir 'n maand nooit nodig gehad het om 'n leerder oor voorkoms of skooldrag aan te spreek nie, word 'n handtekening deur die voog vir daardie maand verdien. (10 maande x 1 = 10)
- Respek vir skoolgeboue en terrein. Help om klaskamer of terrein netjies en skoon te hou. Handtekening word verkry per geleentheid.
- Respek vir reëls. Wanneer skoolreëls nougeset nagekom word. Geen reëloortreding vir 'n maand nie, verdien leerder 'n handtekening van sy/haar voog vir elke maand. (10 x 1 = 10)

3. **LOJALITEIT:**
   - *Verbind tot toewyding en getrouheid aan jou skool en gemeenskap.*
   - Ondersteuning van enige skoolaktiwiteit in skooldrag verdien 'n handtekening (handtekening per geleentheid).
   - Aanmelding as deelnemer in skooldrag by byeenkomste/sportwedstryde. Dit sluit atlete/geesgroep by Interhoër in (15 handtekeninge per geleentheid).
   - Aanmelding as toeskouer in skooldrag by byeenkomste/sportwedstryde. Dit sluit toeskouers by Interhoër in (10 handtekeninge per geleentheid).
   - Ondersteuning van die skool se fondsinsamelingsprojekte soos die karnaval (handtekening per kaartjie / boekie) of gholfdag (enige prys / putjieborg verdien 'n handtekening).
   - Ondersteuning van die skool se liefdadigheidsprojekte (deelname aan enige saaidagprojek verdien 'n handtekening).
   - Deelname aan skoolaktiwiteite. (100% bywoning van oefensessies en wedstryde verdien 'n handtekening per maand, waar buiteafrigters betrokke is sal die organiseerder die handtekening gee met bewys van register).

4. **INTEGRITEIT:**
   - *'n Bereidheid om altyd en onder alle omstandighede die regte ding te doen vir die regte redes.*
   - Inhandiging van verlore items (handtekening per geleentheid).
   - Aanmelding van oneerlike en negatiewe gedrag (handtekening per geleentheid).
   - Enige leerder wat altyd eerlik is op alle terreine, deur byvoorbeeld altyd die waarheid te praat, nooit huiswerk / take of toetse afskryf nie , sal vir elke kwartaal 'n handtekening hiervoor ontvang van sy vak/voogonderwyser (8/10 vak- of voogonderwysers x 4 kwartale = 32/50).
   - Geen selfoonoortreding vir 'n kwartaal verdien een handtekening per kwartaal, vanaf vak- en voogonderwyser (8/10 vak- of voogonderwysers x 4 kwartale = 32/50).
   - Geen klasontwrigting per kwartaal verdien handtekening per kwartaal vanaf vak- en voogonderwysers. (8/10 vak- of voogonderwysers x 4 kwartale = 32/50)

**BELONING VAN POSITIEWE GEDRAG:**

- 'n Silwer knopie wat een van die vier hoofwaardes uitbeeld, kan verwerf word indien 'n leerder 50 handtekeninge oor 'n jaar vir 'n waarde bymekaar gemaak het en 'n sinvolle refleksie van 150 woorde inhandig by sy/haar voog oor wat daardie spesifieke waarde vir hom/haar beteken.
- Slegs 1 knopie/waarde kan vir elke jaar verower word.
- Knopie word tydens opening oorhandig sodra daar aan vereiste voldoen is.
- 'n Nuwe leerder sal wel meer as 1 knopie/waarde per jaar kan behaal om in te haal vir die jare nie verbonde aan PNHS nie.
- 'n Leerder kan knopies verloor as deel van die sanksie in 'n dissiplinêre verhoor.
- 'n Leerder wat sy/haar knopie of waarde verloor het as gevolg van dissiplinêre optrede, sal ook toegelaat word om die daaropvolgende jaar die verlore knopie/waarde weer terug te verower.
- Enige leerder wat hom/haar skuldig maak aan 'n oortreding wat 'n spesifieke waarde raak, kan as deel van die dissiplinêre verhoor teen hom/haar 'n reeds verowerde knopie/waarde verloor.
- Graad 11-leerders wat oor 4 jaar 4 silwer knopies bymekaar gemaak het, sal vir hul graad 12 jaar 'n goue knopie ("super PN") ontvang. Dit is die hoogste toekenning.
- Elke waardeknopie sal 'n deel van die skoolwapen uitbeeld wat elk gekoppel word aan daardie spesifieke waarde: Fakkel = integriteit, die wawiel = lojaliteit, die perkamentrol = respek en die leuse = verantwoordelikheid. "Super PN" sal die volledige skoolwapen uitbeeld.
- Elke balkie word deur die graadhoof of die voogkaart aangedui.

HANDTEKENINGE WORD TOEGEKEN OP BL. 164-167

# ALGEMENE REËLS VIR KLEREDRAG/VOORKOMS

Ter wille van 'n gesonde, gedissiplineerde en positiewe lewe word waardes daargestel wat meehelp om die karakter uit te bou tot iets moois en edels. So help ons om uiteindelik ‘n positiewe en gesonde skoolgees daar te stel asook 'n bydrae te lewer tot die totstandkoming van 'n karaktervolle volk wat lewe deur sy geloof in God, vaderlandsliefde en 'n durf en wil om voort te bestaan.

1. **<u>LEWERANSIERS</u>**
   Overkruin Uitrusters - Rachel de Beerstraat (012) 546 5718
   Solomons Familie Uitrusters (012) 565 4037
   Silver Cross Uitrusters (012) 546 6525

2. **<u>BELANGRIKE BEGINSELS IN VERBAND MET ONS SKOOLDRAG (Sportdrag uitgesluit):</u>**
   Skooldrag en 'n netjiese voorkoms is belangrike middels om by ons leerlinge 'n liefde en 'n trots op sy skool en gemeenskap aan te wakker en 'n samehorigheidsgevoel te kweek. Dit is dus 'n noodsaaklike deel van die skool se waardesisteem dat skooldrag en 'n netjiese voorkoms voorgeskryf word. Dit is en bly in die eerste plek die taak en verantwoordelikheid van die ouer om toe te sien dat sy kind te alle tye korrek geklee en netjies van voorkoms sal wees. Leerders moet tydens enige amptelike byeenkoms skooldrag dra. Somer- en wintersdragstukke mag nie gemeng gedra word nie. VOLLE somersdrag of VOLLE wintersdrag is al wat aanvaarbaar is. PN Raad, VLR, sportleerders en sportpersoneel (bv afrigters) is ook aan hierdie “volle wintersdrag” reël onderhewig tydens Maandae en spesifieke geleenthede. Reëls vir skooldrag geld te alle tye wanneer skooldrag gedra word, selfs buite skoolure en buite die skoolterrein.

3. **<u>WINTERSDRAG</u>**
   **<u>MEISIES</u>**
   - Romp / Swart skoollangbroek - nie noupassend nie (volgens snit by die verskaffer)
   - Romplengte: Wanneer die dogter staan, moet daar nie meers as ‘n handbreedte wees tussen die soom en die bokant van die knieg nie (reg rondom voor en agter).
   - Langmouhemp met 'n das (moue mag opgerol word tot net bo elmboog).
   - Skoolbaadjie / skooltrui / skooloortrektrui.
   - Geen truie/baadjies/driekwartmouhempies mag in rompe/broeke ingesteek word nie.
   - Slegs skoolkniekouse of swart “tights” (nie sykouse), omgevou sodat skoolkleure wys. By langbroeke mag gewone (“plain”) effekleurige swart kouse, sonder strepe/prente of patrone, gedra word.
   - Wit serp of swart serp – sonder strepe.
   - ‘n Gordel/belt by ‘n langbroek is opsioneel. Indien dit gedra word, moet dit swartkleurig wees en die gespe mag nie meer as 1cm breër as die gordel/belt wees nie.
   - Geen moue mag geskeur/geknip word om duime deur te druk nie.

   **<u>SEUNS</u>**
   - Swart skoollangbroek – nie noupassend nie (volgens snit by die verskaffer).
   - Formele swart belt waarvan die gespe nie meer as 1cm breër as die belt is nie.
   - Langmou hemp met ‘n das (moue mag opgerol word tot net bo elmboog).
   - Skoolbaadjie / skooltrui / skooloortrektrui.
   - Geen truie/baadjies mag in broeke ingesteek word nie.
   - Skool kniekouse (omgevou sodat skoolkleure wys) . By langbroeke mag gewone (“plain”) effekleurige swart kouse, sonder strepe/prente of patrone, gedra word.
   - Effekleurige wit of swart serp – sonder strepe, prente of patrone.
   - Geen moue mag geskeur/geknip word om duime deur te druk nie.

4. **<u>SOMERSDRAG</u>**

# ALGEMENE REËLS VIR KLEREDRAG/VOORKOMS

**MEISIES**

- Kortmou bloes.
- Romp soos verskaf deur leweransiers, lengte soos beskryf in wintersdrag.
- Skool kort-kniekouse (omgevou sodat skoolkleure wys).
- Slegs voorgeskrewe skooltrui / skooloortrektrui / kleurbaadjie word toegelaat.
- Geen truie/baadjies/driekwartmouhempies mag in rompe/broeke ingesteek word nie.
- Geen das word saam met 'n kortmouhemp gedra nie.

**SEUNS**

- Kortmou hemp.
- Kortbroek – nie noupassend nie. Die snit van die verskaffer moet behoue bly.
- Skool kniekouse (omgevou sodat skoolkleure wys).
- Slegs voorgeskrewe skooltrui / skooloortrektrui / kleurbaadjie word saam met die somersdrag toegelaat.
- Geen truie/baadjiesmag in broeke ingesteek word nie.
- 'n Langmou hemp met opgerolde moue en 'n das mag saam met 'n kortbroek gedra word.

**5. SKOOLSKOENE**

- Slegs swart skoolskoene (wat gepoleer kan word) is aanvaarbaar, sonder enige geskakeerde gedeeltes.
- Geen suede afwerkings word toegelaat nie.
- Die standaard skoolskoen met ronde punte is al wat toegelaat word. Geen stewels of aanglip skoene sonder veters word toegelaat nie.
- Die hak van die skoen mag nie dikker wees as 3 cm nie. Platformskoene word nie toegelaat nie.

**6. FORMELE DRAG**

By amptelike geleenthede word 'n das by 'n toeknoopboordjie steeds vereis soos by wintersdrag.

**7. VRYDAGDRAG (Word Vrydae gedra. Geen Vrydagdrag gedurende eksamentye nie)**

- Wit skoolgholfhemp.
- Geen gekleurde toppies mag onder die wit gholfhemp aangetrek word nie. Indien dogters 'n wit hemp onderaan aantrek, moet die hemp ingesteek word.
- Vollengte heel (geen geskeurde nie) blou/swart denim. Broek mag slegs tot op die enkel opgerol word
- Swart / wit / bruin belde waarvan die gespe nie meer as 2 cm breër as die belt is nie.
- Kouse bokant enkel. Geen sykouse of "secret socks" nie. Slegs wit/swart kouse, sonder prente, woorde, strepe of patrone, is toelaatbaar.
- Toe skoene met 'n toe hak en toe toon. Geen lang stewels mag gedra word nie.
- Geen juwele, grimering of ontoelaatbare haarstyle nie.
- Spesiale baadjies/hemde van eerste span en/of provinsiale spanne (wat self verwerf is) mag op die **laaste Vrydag van die maand** gedra word.
- Geen kleurbaadjies mag saam met Vrydagdrag gedra word nie.
- Vrydagdrag is 'n vergunning. Dit kan weggeneem word van individue wat nie die drag volgens die reëls aantrek nie.

# ALGEMENE REËLS VIR KLEREDRAG/VOORKOMS

**8. ALGEMEEN**

- Geen oorgroot truie, truie en windbrekers (“bench jackets”) waarvan die moue opgestoot word, of oor die hande gedra word nie.
- Slegs ‘n swart mussie, sonder woorde, prente, strepe of patrone mag gedra word tot die skoolklok lui vir die begin van die dag.
- Geen opgerolde kortmou bloese.
- Langmouhemde mag opgerol word tot bo die waai van elmboë.
- Geen hoede, kepse of musse anders as die skoolmus mag saam met skooldrag gedra word nie (bg. mag slegs gedra word soggens voor skool tot die klok lui om 7:20).
- **Ons skoolklere is ons trots** en word nooit aan 'n persoon gegee of verkoop wat dit nie mag dra nie. Indien skoolklere vir kinders te klein word of oortollig raak met skoolverlating of na Gr. 12 en daar is nie ander kinders in die gesin wat dit kan benut nie, kan ouers dit gerus aan die klerebank by die skool beskikbaar stel waar 'n behoefte is.
- By die bywoning van sportbyeenkomste tuis of weg, moet toeskouers in volle skooldrag wees.
- Uitstappies word in wintersdrag bygewoon.
- Inkepings mag nie in wenkbroue ingesny word nie.
- Gaatjies in ore/neuse mag nie toegeplak word nie. Daar mag ook nie ‘n plastiek “stud” ingeplaas word nie.
- Tatoeëermerke is ontoelaatbaar. Geen tatoeëermerk mag sigbaar wees wanneer die skooldrag/sportdrag/Vrydagdrag gedra word nie.

**MEISIES**

- Juwele
  - Dameshorlosie om die pols sonder enige bybehore. Dameseëlring slegs aan ringvinger.
  - Slegs een paar oorbelle, in die onderste gaatjie, word toegelaat. Enige van die volgende word toegelaat:
    - Ronde silwer/goue knoppies, pêrel oorbelletjies of kleurlose steentjies waarvan die deursnee nie 5mm oorskry nie / gladde vol enkelband-ringetjie sonder stene wat nie groter as 'n 20c- stuk is nie, en waarvan die breedte nie 3mm oorskry nie.
  - Geen ander juwele mag gedra word nie.
  - Slegs een geloofsbandjie, wat nie breër as 2 cm is nie, mag gedra word.
  - Geen grimering of onderlaag word saam met skooldrag toegelaat nie. Geen vals wimpers of vals naels is toelaatbaar nie. Geen permanente grimering word toegelaat nie.

- Hare
  - Geen kleurveranderings of strepe word toegelaat nie.
  - Geen “punk”, “mohawks”, “undercuts”, patrooninsnydings of duidelike rif mag sigbaar wees nie.
  - Geen duidelike “stappe” word toegelaat nie.
  - Lengte: Wanneer hare aan die onderste rand van die kraag raak, moet dit vasgemaak word.
  - Rekkies, balletjies, kammetjies en knippies word toegelaat, mits die kleure daarvan die skool se kleure is.
  - “Slierte” oor oë moet met knippies vasgemaak word.
  - Hare moet of in poniesterte teen die kop, of vlegsels, vasgebind wees.
  - 'n Funksionele “Alice band” van wit of swart of haarkleur mag gedra word.
  - 'n Kuif mag nie oor die oë hang nie.
  - Permanente gegolfde hare moet uitgekam wees – geen woeste haarstyle nie.
  - Fyn haarvlegsels/”braids” word toegelaat. Hierdie haarstyl sal as lang hare beskou word.
  - Haarverlengings word toegelaat mits dit dieselfde is as die natuurlike haarkleur.
  - Geen krale word toegelaat nie.

    - Geen kopband breër as 5cm mag gedra word nie. Kopbande mag nie oor die voorkop gestoot word nie - dit moet verder terug as die haarlyn wees. Kopbande moet enkelkleurig wees, en mag nie prente of woorde bevat nie.
    - Baie kort haarstyle moet geleidelik van kort na lank gesny word aan beide kante van die kop.
    - Ondanks bogenoemde reëls, mag 'n dogter aangespreek word as haar hare nie netjies vertoon nie.

- <u>Naels</u>
    - Die vingernaels mag nie oorsteek wanneer die hand in die lug gehou word nie. Kleurlose naellak mag gebruik word. Geen "French manicure" word toegelaat nie.

**<u>SEUNS</u>**

- <u>Juwele</u>
    - Seuns dra geen juwele nie. Slegs 'n mans-polshorlosie.
    - Slegs een geloofsbandjie, wat nie breër as 2 cm is nie, mag gedra word.
- <u>Hare</u>
    - Geen "punk", "mohawk", "undercut", patrooninsnydings of duidelike rif mag sigbaar wees nie.
    - Hare bokant die ore en bokant die kraag agter is kort (maksimum 1 cm) en moet beide kante van die kop geleidelik van kort onder na langer bo gesny word. Hare mag nie langs die kop agtertoe gekam word om die ore oop te kry nie.
    - 'n Digte bos hare of "wal" in die nek word nie toegelaat nie.
    - Hare bo-op die kop mag nie langer as 5 cm wees nie.
    - Borselkop word toegelaat solank die hare nie langer as 4 cm is nie.
    - 'n Kuif tot op die wenkbroue word toegelaat. Dit moet natuurlik uit die oë / wenkbroue wees, ook geen moderne "kuifsnitte" is toelaatbaar nie.
    - Geen permanente golwing ("perm") word toegelaat nie.
    - Geen duidelike "stappe" word toegelaat nie.
    - Seuns met baard moet elke dag skeer sodat hulle daagliks glad en netjies is. Geen snorbaarde, of bokbaarde, of wangbaarde, of hare voor ore af laer as die middel van die oor nie. Indien seuns dermatologiese probleme ervaar, moet 'n mediese sertifikaat aan die skool verskaf word.
    - Geen kleurveranderings of strepe word toegelaat nie.

- <u>Naels</u>
    - Moet kort en netjies geknip wees.

**<u>HAARKLEURREËL</u>**

Indien haarkleurreël, soos bo vermeld, oortree word, sal die volgende stappe gevolg word:

1. Leerder word deur die opvoeder uitgewys en na die Adjunk-/Dissiplinehoof verwys, PN93 word voltooi en na die ouerhuis gestuur. Indien bevind word dat die leerder die reël vir die eerste maal oortree het, sal daar 'n skriftelike, finale waarskuwing deur die BL uitgereik word en op die leerder se lêer geplaas word.
2. Indien die leerder vir 'n tweede keer oortree, sal dissiplinêre stappe teen die leerder ingestel word vir herhaalde oortreding van die skoolreëls.

**<u>PROSEDURE VIR KLEREDRAG-/VOORKOMSOORTREDINGS</u>**

- Die voogonderwyser bespreek die oortreding met die leerder en gee detensiepunte. Ander verwysings na dissiplinêre hoof/ hoofde.
- In die geval van herhaalde verontagsaming van voorkomsreëls word ouers gekontak en/of detensie word toegestaan. Leerder kan huis toe gestuur word om dit reg te kry.
- Geen deelname aan skool / sportaktiwiteite word toegelaat totdat voorkoms in orde is nie.
- Volgehoue verontagsaming van voorkomsreëls word beskou as 'n vlak 2 oortreding. Detensies word aangeteken op vooglêer en rapport.
- Skeeroortredings: Die leerder sal van 'n skeermes voorsien word om te gaan skeer tydens die skooldag, en detensiepunte word toegeken.

- Naeloortredings:  Die leerder sal van ‘n naelknipper voorsien word om dit te knip sodat die naels binne die aanvaarbare lengte sal wees.  Detensiepunte word toegeken.
- Ontoelaatbare juwele word gekonfiskeer tot aan einde van die betrokke dag. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir juwele wat afgeneem of op enige ander wyse verlore geraak het nie.

## SLENTERDRAGREËLS (SEUNS EN DOGTERS)

Die kleredragbeleid vir informele dae is 'n duidelike riglyn vir die leerders sodat hulle weet watter slenterdrag toegelaat sal word op informele dae.

- Geen ontblotende hempies of rokkies nie (spaghetti-bandjies verbode).
- Die maag moet ten alle tye bedek wees / maag mag nie uitsteek nie ('boob tubes' verbode).
- Dogters se rompies en kortbroeke mag nie korter as die voorgeskrewe lengte van skoolrompe wees nie.
- Onderklere mag nie sigbaar wees nie (seuns en meisies).
- Geen deurskynende klere nie. Geen gaastoppies nie.
- Simbole/prente/slagspreuke op klere mag nie enige van die volgende uitbeeld nie: geweld, alkohol, wapens, tabak, dwelms, naaktheid, vloektaal of godslastering.
- Geen politieke slagspreuke of simbole nie.
- Geen pette in die klas nie.
- Tatoeëermerke mag steeds nie sigbaar wees nie.
- Juwele moet volgens die bestaande skoolrëels in die gedragskode bly.
- Hare mag los gedra word.

**Prosedure indien die bogenoemde reëls oortree word:**

- Die leerder word huis toe gestuur om die oortreding te korrigeer en debietpunte word toegeken.
- Die leerder verbeur die voorreg om slenterdrag weer te dra.

# SPORTDRAG

(raadpleeg verskaffer vir voorskrifte)

1. **<u>LOGO'S EN NAME OP SPORTBAADJIES</u>**

<u>VOOR OP DIE BAADJIE</u>
- Logo regs op bors proporsioneel nie groter as sportwapen nie.
- Speler se naam mag bokant die sportwapen verskyn; letters nie groter as 15 mm nie.
- Slegs die 1e span jaartal mag onder die sportwapen aangebring word.

<u>AGTEROP DIE BAADJIE</u>
- Borg se naam of logo net onder kraag
- Slegs 1e span en Top 20 atletiek mag agterop verskyn.
- Lettertipe is Arial en grootte 30 mm.

2. **<u>VERVOER NA EN VAN SPORTBYEENKOMSTE:</u>**

In Wintersdrag / Voorgestelde sportdrag soos goedkeur. Gedrag moet te alle tye onberispelik wees.

3. **<u>ALGEMEEN</u>**
- Sportbaadjie indien vir die span verskaf.
- Swart sweetpakbroek
- PNHS Sport / Vrydag gholfhemp
- PNHS Sportsak met sportwapen
- PNHS Sportpet met sportwapen
- **Toe skoene moet ten alle tye gedra word – plakkies en kouse is nie toelaatbaar nie.**

4. **<u>ATLETIEK EN LANDLOOP</u>**

<u>MEISIES</u>
- Baanatlete – swart fietsrybroek met kort PNHS bostuk of "polyshort" met atletiekfrokkie
- Veldatlete – swart 'Noord' sportbroek met PNHS atletiekfrokkie

<u>SEUNS</u>
- Baanatlete – swart fietsrybroek/ 'polyshort" met PNHS atletiekfrokkie
- Veldatlete – swart 'Noord' sportbroek met PNHS atletiekfrokkie

5. **<u>RUGBY</u>**
- 1ste Span – Voorgeskrewe 1ste spantrui met swart broek en 1ste spankouse.
- O/16 – Voorgeskrewe PNHS rugbytrui met swart broek en O/16 rugbykouse.
- O/14, O/15 en 2de span – Voorgeskrewe PNHS rugbytrui met swart broek en PNHS rugbykouse.

6. **<u>NETBAL</u>**
- 1ste span – Voorgeskrewe 1ste span bostuk en swart romp met wit insetsel aan kante. Romp het ingewerkte kort fietsrybroek. Alternatiewelik eerstespan goedgekeurde netbalrokkies.
- Ander spanne – Voorgeskrewe PNHS netbal bostuk en swart romp met ingewerkte kort fietsrybroek met kort wit kouse met seilskoene.

## 7. HOKKIE

- 1ste Span – Voorgeskrewe 1ste span bostuk en swartromp met wit insetsel aan kante. Romp het ingewerkte kort fietsrybroek. 1ste span rugbykouse met hokkieskoene.
- Ander spanne – voorgeksrewe PNHS hokkie bostuk en swartromp met ingewerkte kort fietsrybroek
- O/16 – O/16 rugbykouse met hokkieskoene.
- Ander spanne – PNHS rugbykouse met hokkieskoene.

## 8. KRIEKET

- 1ste Span: Voorgeskrewe keps
- Alle spanne: Swart PNHS sportpet met sportwapen.
  - Roomkleur/wit kortmou kriekethemp of PNHS Algemene sport/Vrydag gholfhemp.
  - Room/wit langbroek met wit sokkies.
  - Krieketskoene of oorwegend wit seilskoene.
- Middag / Aandreeks:
  - 1ste Span – Voorgeskrewe oorwegend swart drag.
  - Ander – Oorwegend swart hemp met wit/roomkleurbroek soos dagreeks.

## 9. TENNIS

MEISIES

- PNHS Algemene sport/Vrydag gholfhemp
- Swartromp met ingewerkte kort fietsrybroek

SEUNS

- PNHS Algemene sport/Vrydag gholfhemp
- Swart 'Noord' sportbroek

## 10. SAGTEBAL

- 1ste Span – Voorgeskrewe 1ste span sagtebalhemp met wit sagtebalbroek
- Ander spanne – Voorgeskrewe PNHS sagtebalhemp met wit sagtebalbroek
- PNHS rugbykouse met sagtebalstewels/ rugbystewels /hokkieskoene / seilskoene.
- Geen metaal “studs” of “cleats” word toegelaat nie.

## 11. GHOLF

- PNHS Algemene sport/Vrydag gholfhemp met swart skoollangbroek of swart knielengtebroek.
- Gholfskoene.



# ALGEMENE SKOOLREËLS

1. **ONS GEDRAG**
   - Leerlinge moet ons skool se naam in ere hou deur onberispelike gedrag in openbare plekke, in busse, op straat, op jou fiets, ens.
   - 'n Vriendelike groet teenoor 'n onderwyser of enige ander persoon moet altyd 'n kenmerk van ons leerlinge wees. Beleefdheid moet eie aan ons wees.
   - Ons leerlinge maak ook gebruik van die munisipale busdiens van en na die skool. Ook hier word onberispelike gedrag van ons leerlinge verwag.

2. **SKOOLTYE**
   - Die skool begin elke oggend om 07:20 en sluit elke dag om 14:00.
   - Op die laaste dag van elke kwartaal sluit die skool om 11:00. Leerlinge kry nie toestemming om vroeër te gaan nie.

3. **AFWESIGHEID**
   - Ouers moet die skool in kennis stel as kinders nie skool kan besoek nie. (Telefonies of per e-pos - voor 9:00).
   - Indien 'n leerder langer as 10 dae van die skool afwesig is sonder verskoning, kan die leerder se naam van die skool se register verwyder word.
   - 'n Leerling wat afwesig was, moet dadelik die dag wanneer hy weer terug is by die skool, 'n brief bring met die rede vir afwesigheid.
   - Ingeval siekte drie dae of langer duur, word 'n mediese sertifikaat benodig.
   - Indien 'n leerling afwesig is vir 'n toets of eksamen word 'n mediese sertifikaat vereis wat aandui dat die leerling nie in staat was om die eksamen af te lê nie, anders kry 'n leerling “0" vir die vraestel.
   - Kinders wat by die skool siek word, moet vergesel word deur die VLR of aangestelde leerder en moet by die sekretaresse aanmeld. Kinders moet asb. nie ouers self kontak nie. Indien nodig sal die ouers gekontak word en sal die leerling 'n toestemmingsbrief kry om huis toe te kan gaan mits daar 'n ouer by die huis is en die ouer die kind by die skool kan kom afhaal.
   - Niemand mag die skoolterrein gedurende skoolure verlaat sonder die nodige verlof en bewys daarvan nie.
   - Indien 'n leerling wel vroeër huis toe moet gaan, moet die skool ten minste 'n dag voor die tyd per brief daarvan verwittig word sodat die uittekentabel gedurende voogperiode onderteken kan word. Die leerder moet eers by elke vakonderwyser ‘n handtekening kry, en daarna die betrokke graadhoof. Die uittekentabel wat moet voltooi word is agter in die dagboek.
   - Afsprake vir bestuurders- of leerlinglisensies moet sover moontlik tydens die skoolvakansies gemaak word. Toestemming sal slegs verleen word vir afsprake indien die afspraak as bewys getoon word (45 min voor die afspraaktyd.)
   - Doktersafsprake moet sover moontlik vir die middag gereël word. Indien die leerling in skooltyd moet gaan, moet die leerling deur die ouer by die skool gehaal word en die brief van die ouer moet die dokter se naam, telefoonnommer en afspraaktyd meld.
   - Leerlinge moet hulle ouers inlig in watter klas hulle is (bv Gr 8 A of Gr 12 E) sodat dit in alle briewe of telefoongesprekke gemeld kan word.
   - Indien ‘n leerder afwesig is, is dit die leerder se eie verantwoordelikheid om die werk te kry en in te haal.
   - Indien ‘n leerder afwesig is, sonder ‘n geldige rede, mag daardie leerder nie op die betrokke dag deelneem aan enige buitemuurse- of ko-kurrikulêre aktiwiteit nie.

# ALGEMENE SKOOLREËLS

**4. UITTEKEN VAN LEERDERS GEDURENDE DIE SKOOLDAG**

- Geen ouer het die reg om 'n leerder sonder 'n geldige rede uit die skool te hou nie (Departement van Basiese Onderwys se Beleid op skoolbywoning 2010).
- Vakansies en privaatsake is nie 'n geldige rede nie (Departement van Basiese Onderwys se Beleid op skoolbywoning 2010).
- Indien 'n leerder met 'n geldige rede gedurende die skooldag die skool moet verlaat, moet die skool ten minste die dag voor die tyd daarvan verwittig word per brief van die ouer. Geen e-posse, fakse of SMS'e sal aanvaar word nie, slegs 'n brief met die oorspronklike handtekening van die ouer.
- **Hierdie brief word deur die leerder eers aan die betrokke vakpersoneel en daarna aan die graadhoof getoon wat die leerder in sy/haar huiswerkboek sal uitteken op die uittekentabel op bl.168-172.**
- **Op die gegewe dag en tyd wat die leerder die skool moet verlaat, sal die leerder verskoning maak by sy/haar vakonderwyser en sy/haar huiswerkboek toon as bewys. Hy/sy moet ook sy/haar huiswerkboek by die toonbank toon en dan kan hy/sy uitgeteken word.**
- Geen leerder sal meer uit 'n klas geroep word nie.
- 'n Leerder sal slegs toegelaat word om die terrein te verlaat indien die wetti ge ouer of voog sodanige leerder self kom afhaal, geen leerder sal op eie verantwoordelikheid toegelaat word om die terrein te verlaat nie.

**5. SKOOLTERREIN**

- Ons terrein is ons trots en alle leerlinge is medeverantwoordelik vir die netheid, versorging en behoud van ons geboue en toerusting soos banke, tafels en stoele.
- **Die skoolterrein, insluitende die klaskamers, is onder 24-uur geslote-baan kringtelevisie kamera-monitering (CCTV). Die beeldmateriaal mag tydens dissiplinêre prosedures en regsoptrede gebruik word.**
- Plantegroei en bome mag nie beskadig word nie. Beskerm dit.
- Papiere, oorskietvoedsel, skille, koeldrankhouers ens. moet in die vullishouers gegooi word.
- Kleedkamers moet skoon en sindelik gehou word - laat dit in dieselfde toestand as waarin jy dit graag sal wil aantref.
- Toerusting en masjienerie in die sentrum of op die terrein mag alleenlik met toestemming en onder toesig van die verantwoordelike onderwyser gebruik word.
- Eet gedurende lestye of wisseling word streng verbied.
- Leerlinge word nie voor skool of tydens pouses in klaskamers toegelaat nie. Niemand mag in die saal wees sonder toestemming nie
- Fietse word in die fietsloods gebêre en gesluit, motorfietse binne die toegelate afgebakende gebied. Fietse en motorfietse kom die terrein binne in die oggend by Berglaan en verlaat die terrein in die middag by Emily Hobhouselaan.
- Motors van leerlinge word slegs binne die terrein op die parkering by die netbalbane toegelaat. Leerders moet in besit wees van 'n geldige bestuurderslisensie.
- Parkering sal SLEGS toegeken word met die toon van bestuurderslisensie. 'n Plakker sal uitgereik word teen R10-00 per plakker.

**6. BOEKE**

- Die meeste handboeke word deur die skool voorsien. Dit moet oorgetrek en netjies gehou word. Leerlinge wat hulle skuldig maak aan wangedrag sal aanspreeklik gehou word vir die volle koste van die boeke.
- Skrifte word ook deur die skool voorsien. Dit moet eweneens oorgetrek en netjies gehou word. Vakonderwysers sal riglyne gee vir die gebruik en hantering van skrifte.

# ALGEMENE SKOOLREËLS

**7. TASSE**

- Die beskerming en versorging van handboeke en skrifte is die volle verantwoordelikheid van elke leerling. Handboeke moet vir 'n sekere aantal jare gebruik word en kan nie voor die tyd vervang word nie.
- Slegs 'n sterk stewige tas of sak met voldoende afdelings vir boeke is aanvaarbaar.
- Sportsakke of sakke van watter aard ookal, sonder hierdie afskortings, word nie toegelaat nie. Dit bied nie beskerming van boeke nie en is slordig.
- Tasse of sakke moet skoon gehou word. Geen slagspreuke, tekens of opmerkings is toelaatbaar nie. Geen uitspattige / opvallende kleure word toegelaat by sport / ander sakke nie.

**8. AANTREE EN WISSELING**

- Leerders moet soggens sodra die klok lui onmiddellik in hul rye op die aantreeblad voor die kantore aantree sodat opening onverwyld kan voortgaan. Beweeg asseblief flink en ordelik.

**9. INSKRYWING VAN NUWE LEERLINGE**

- Nuwe leerlinge moet deur hulle ouers vergesel word. Die volgende dokumentasie word vereis:
  - ‘n Oorplasingskaart van die vorige skool.
  - Jongste rapport (nie op Gr 7-Leerlinge van toepassing nie).

**10. SKOOLVERLATING**

- Volgens wet mag 'n leerling die skool verlaat eers aan die einde van die jaar waarin hy 15 word. Die ouer stel die skool per brief in kennis indien 'n leerling die skool gaan verlaat (meld die kind se klas, rede vir verlating van en / of plek waarheen u verhuis).
- 'n Oorplasingskaart sal alleenlik oorhandig word indien:
  - Die leerling al sy boeke en mediaboeke en trofeë ingehandig het.
  - Geen gelde aan die skool verskuldig is nie.
  - Boeke wat verlore geraak het of verniel is teen die volle prys vergoed is.

**11. EIE TOERUSTING**

- Behoorlike en voldoende skryfgereedskap is nodig.
- Leerlinge moet hulle eie eiendom goed oppas en op veilige plekke laat. Ander leerlinge se eiendom moet gerespekteer word.
- Alle toerusting moet gemerk wees - dit geld vir leerlinge se klere, skryfgereedskap, ens.
- Die skool kan nie verantwoordelik gehou word vir diefstal, verlies of beskadiging van persoonlike eiendom van leerders nie.

**12. ALKOHOL**

- ‘n Leerder wat hom/haar skuldig maak aan die gebruik van alkohol op of van die skoolterrein af/in of sonder skoolklere, hetsy die leerder sterk of ligtelik onder die invloed is, asook enige leerder wat assosieer met alkohol in die algemeen, stel hom/haarself bloot aan dissiplinêre stappe.
- Geen alkoholvrye drank of produkte van alkohol nabootsing/na-making word op die skoolterrein toegelaat of mag deur leerders gebruik word in skooldrag nie.
- ‘n Blaasapparaat kan gebruik word om alkoholteenwoordigheid te toets.
- Ouers moet die skool skriftelik in kennis stel indien ‘n leerder voorgeskrewe medikasie of enige hoesmedikasie in sy/haar besit sal hê op die skoolterrein.

13. **ROOK/"VAPE"**
    - Rokery of "vaping" op die terrein of elders in drag wat hom / haar met skool identifiseer, is ten strengste verbode. Indien enige vorm van rookgoed, insluitende elektroniese rookapparate of "vapes", aan 'n leerling gevind word, sal daar streng teen hom opgetree word, asook teenoor leerlinge wat in die teenwoordigheid van die rokers verkeer.
    - Indien 'n leerder in besit van 'n "vape" gevind word, sal die apparaat op beslag gelê word en aan die SAPD oorhandig word vir vernietiging
    - Strafprosedure vir rook, "vape", nikotiensakkies, kaffeïensakkies, orale tabak of sintetiese stimulante:
        - Sou 'n leerder binne 'n skoolgebou hierdie items gebruik, sal die leerder onmiddelik 'n dissiplinêre verhoor ontvang.
        - In die besit van / gebruik / handel dryf in enige van die bogenoemde items, sal onmiddelik 'n dissiplinêre verhoor ontvang, en indien skuldig bevind word, vir minstens 5 skooldae geskors word.
        - Enige leerder wat positief toets vir die gebruik van alkohol, dagga en ander dwelmmiddels, sal nie op die skoolterrein toegelaat word nie, totdat hul negatief toets vir daardie middel.

14. **FIETSLOODS**
    - Fietse word in die fietsloods gebêre en gesluit, motorfietse binne die toegelate afgebakende gebied. Fietse en motorfietse kom die terrein binne in die oggend by Berglaan en verlaat die terrein in die middag by Emily Hobhouselaan.
    - Leerders moet in besit wees van 'n geldige motorfietslisensie.
    - Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir fietse wat nie gesluit word nie.
    - LET WEL: GEEN fietse of motorfietse mag by Berglaan uitgaan wanneer skool daagliks sluit nie, slegs Emily Hobhousestraat se uitgang mag gebruik word.

15. **SAAL**
    - Die saal is die hart van die skool en daar tree ons dienooreenkomstig op. Aantree by die saal geskied ordelik onder leiding van PN Raadslede.
    - Geen geselsery in die rye nie. Gaan die saal stil en ordelik binne.
    - Die posisie van die verskillende grade in die saal sal deur PN Raadslede bekend gemaak word.
    - Na opening word die saal op 'n ordelike wyse deur dieselfde deure verlaat. Vermy samedromming by die ingange vanaf die saal na die skool.
    - Geen tasse of sakke word in die saal toegelaat nie.
    - Wanneer ons deur gaste van buite besoek word, is dit vanselfsprekend dat elkeen sy / haar beste gedrag sal lewer.
    - Nadat 'n spreker opgetree het, is applous slegs 'n teken van goeie maniere. Vermy ritmiese geklap - asook 'n gefluit - daaraan word te veel bybedoelings geheg.
    - Die saal mag nie sonder die toestemming van 'n onderwyser binnegegaan word nie.
    - Die klavier, luidsprekerstelsel of versterker mag onder geen omstandighede deur leerlinge gebruik word nie.
    - PN Raadslede sit langs die muur, weerskante van die saal versprei.
    - Laatkommers tydens saalopening word eers deur die PN Raadslede ontvang en hul name aangeteken en daarna toegelaat om die saal binne te gaan (slegs by die agterdeur).
    - **Saalopening:**
        - Die persoon open met Skriflesing en gebed, waartydens 'n kort boodskap oorgedra word. Algemene sake rakende die personeel en leerlinge word bekend gemaak.

**16. SELFONE / Ipod / MP3 / PSP / WII / Tablette / Ipad / Oorfone ens.**

- Bogenoemde elektroniese apparatuur moet sover moontlik tuis gelaat word. Indien hierdie apparate by die skool is, moet dit afgeskakel wees en in tasse geberg word tydens skoolure. Geen selfoon mag aan 'n leerder se liggaam wees of in die sakke van klere nie.
- Indien bogenoemde elektroniese apparatuur op die skoolterrein verlore raak, sal die skool geen hulp verleen om dit op te spoor nie. Bogenoemde elektroniese apparatuur moet te alle tye gedurende klastyd asook tydens wisseling af wees en mag ook nie as rekenaars gebruik word nie (opening in saal en buite op aantreeblad ingesluit).
- Bogenoemde elektroniese apparatuur sal gekonfiskeer word en aan die einde van die betrokke dag deur die leerder self afgehaal word. Sou die oortreding herhaal word, moet die elektroniese apparatuur deur die ouer/voog afgehaal word.
- 'n Aantekening in 'n register sal bygehou word deur die dissiplinêre beampte vir dié doeleindes. Indien 'n leerder nie by reël hou nie kan daar dissiplinêre stappe ingestel word vir die herhaalde oortreding van die skoolreëls.
- Leerders mag geen video of klankopname, asook foto's neem van enige medeleerder, onderwyser of werker op die terrein, sonder hulle toestemming en medewete nie.
- Indien 'n selfoon gekonfiskeer is by 'n leerder aangesien daar 'n redelike vermoede bestaan dat 'n misdryf daarmee gepleeg is, byvoorbeeld kuberboelie, pornografie, ens, sal die ouer in kennis gestel word of hul dit kan kom afhaal nadat hul die bewyse saam met die hoof/sy gedelegeerde
- nagegaan het, en of die foon aan die SAPD oorhandig is vir 'n kriminele klag.

**17. SLUITKASTE**

- Sluitkaste kan jaarliks teen 'n vasgestelde tarief gehuur word. Leerders moet hul eie slotte voorsien.
- Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir die verlies of beskadiging van enige eiendom in die sluitkas nie.
- Indien huur nie vroegtydig betaal word nie, sal die slot verwyder word sowel as alle eiendom binne die sluitkas, sodat die sluitkas weer verhuur kan word.
- Geen leerder sal toestemming ontvang om gedurende onderrigtyd die sluitkas te besoek om boeke daaruit te gaan haal nie.
- Geen items mag bo-op sluitkaste gelaat word nie.
- Indien 'n leerder se sluitkas nie gesluit word met 'n slop nie, sal die leerder die voorreg tot die sluitkas verbeur sonder om terugbetaling van die huurgeld te ontvang.
- Alle sluitkaste moet tydens die Julie- en Desember vakansies ontruim wees.

**18. LAATKOM**

- Leerders meld aan by PN-Raadslede op diens en na drie keer se laatkom, kry die leerder detensie.

**19. EKSAMENS, TOETSE EN RAPPORTE**

**Eksamens**

- Jaarliks word eksamens op vasgestelde datums geskryf.
- Na afloop van elke eksamen word 'n rapport deur die leerling huis toe geneem vir insae.
- Belangrike aangeleenthede voortspruitend uit leerders se prestasies kan daarna op oueraande met die betrokke vakonderwyser bespreek word.
- Aangesien die rapport 'n baie belangrike inligtingstuk aan die ouers is, word ouers versoek om 'n deeglike studie van alle gegewens op die rapport te maak en vroegtydig die skool te kontak om probleme te bespreek.

**Toetse**

- Toetse word volgens 'n vasgestelde toetsrooster geskryf.
- Die rooster word aan die begin van elke kwartaal aan die leerlinge beskikbaar gestel. Ouers is dus voortdurend op hoogte van weeklikse toetse.
- Nie meer as een toets per dag sal geskeduleer word nie.

**Sake van belang tydens eksamens**

- Leerlinge word volgens 'n beplande sisteem in eksamenlokale ingedeel en word nie toegelaat om rond te skuif of die lokaal te verlaat nie. Alle sake van belang word pouse afgehandel.
- Daar moet ten alle tye stilte in die eksamenlokale wees.

## 20. EKSAMENREËLS

- Alle opdragte van die toesighouer moet nagekom word. Dit sluit in voorskrifte t.o.v. voorkoms en gedrag. Leerders wat nie aan die voorkomsreëls voldoen nie sal huis toe gestuur word om hulself in lyn met die reëls te bring. Geen addisionele tyd word toegelaat of addisionele vraestel sal opgestel word vir sodanige leerder nie.
- Alle skooleiendom (boeke, ens.) moet ingehandig word soos deur opvoeders voorgeskryf.
- Indien laat, moet die kandidaat wag tot die eksamen begin het voordat hy/sy mag inkom. Geen ekstra tyd sal toegelaat word behalwe met voorlegging van 'n mediese sertifikaat nie. Geen kandidaat sal tot die eksamen toegelaat word indien hy/sy 'n uur of meer laat opdaag nie. Geen kandidaat word toegelaat om die eksamenlokaal te verlaat alvorens die vraestel se tyd verstreke is en alle administrasie afgehandel is nie.
- Die volgende items mag nie by die leerders wees tydens die skryf van die eksamen nie: tasse / sakke, selfone, enige horlosies, radio's, bandspelers, woordeboeke, nota's, sketse, papiere. Voorgeskrewe sakrekenaars mag wel gebruik word indien 'n spesifieke vraestel dit toelaat. Alle skryfbehoeftes wat benodig word moet in 'n deursigtige houer in die lokaal ingebring word. Geen kandidaat mag skryfbehoeftes/tekengereedskap/sakrekenaars leen nie.
- Geen pratery, GEEN KOMMUNIKASIE van enige aard word toegelaat nie. Kandidate mag nie rondkyk, praat of hulp probeer verkry nie, hetsy vanaf toesighouers of medekandidate nie. Die kandidaat se antwoordboek word onttrek en 'n amptelike ondersoek word geloods.
- Geen nota's of ander inkriminerende dokumente mag by die kandidaat wees nie. Enige oneerlikheid kan lei tot vertraging, skrapping en selfs tot kriminele vervolging.
- Indien 'n leerder oneerlik was, word ouers in kennis gestel en dissiplinêr teen die leerder opgetree volgens die gedragskode. Die leerder kry 0 vir 'n betrokke vraestel. Dit geld ook vir die gebruik/ hantering van 'n selfoon tydens 'n eksamensessie.
- Kandidate mag nie vra om die toilet te besoek indien slegs een toesighouer op diens is nie. Indien 'n leerder dringend moet gaan moet hy/sy die vraestel afsluit en inhandig en geen verdere geleentheid sal gegee word om met die vraestel aan te gaan nie. Indien 'n spesifieke probleem bestaan, moet 'n doktersbrief ingehandig word.
- Geen eksamenantwoordboeke mag uit die eksamenlokaal verwyder word nie. Geen krediet sal vir die eksamen ontvang word nie. Indien 'n kandidaat 'n verkeerde vak skryf sal dit as 'n onreëlmatigheid gereken word.
- Indien 'n kandidaat siek is, moet 'n doktersertifikaat ingehandig word binne drie dae. Op die leerder se rapport sal dan ‘n afwesig of onvolledige uitslag verskyn.
- Gebruik een styl handskrif. Skryf in blou. Geen korrigeervloeistof (Tipex) mag gebruik word nie.
- By gr. 8 en 9 word daar in die laaste deel van die sessie geskryf. Die vraestelle word uitgedeel sodat die vraestel se tyd verstreke is aan die einde van die eksamensessie.
- Indien daar tyd is voor 'n vraestel begin, mag leerders lees en verkieslik leer vir die betrokke vraestel, maar geen speletjies speel of musiek luister op rekenaars, selfone, i-pods endiesmeer nie.
- Leerders mag nie eet of drink tydens die skryf van 'n vraestel nie.

## 21. SIEKEKAMERS

- Indien 'n leerling gedurende skoolure beseer is of siek word, moet so 'n leerling vergesel van slegs die VLR-Lid, na die sekretaresse gaan wat dan verdere reëlings sal tref.
- Slegs die Hoof en Adjunkhoof kan op versoek van die sekretaresse toestemming gee dat 'n leerling in die siekekamer mag lê.
- Leerlinge wat toestemming het om die siekekamer te besoek, moet daar bly tot hulle beter voel. Dan moet hulle eers by die sekretaresse rapporteer voordat hulle na die klaskamer terugkeer. Geen ander leerlinge word in die siekekamers toegelaat nie, ook nie pouses nie.
- Hou asseblief ons siekekamers te alle tye sindelik.
- Geen ander leerlinge word in die siekekamers toegelaat nie. Ook nie pouses nie.

## 22. VRYSTELLINGSPROSES

- Ten spyte daarvan dat alle leerders en ouers onderhewig is aan die gedragskode, is daar wel godsdienstige of kulturele gronde om aansoek te doen vir vrystelling.
- Aansoeke om vrystelling van afdelings van die gedragskode word toegelaat, maar moet aan die BL gerig en vergesel word van:
  - Skriftelike stawende dokumente
  - Impak op die betrokke leerder
  - Impak op ander leerders van die skool
  - Impak op die gemeenskap
- Alle aansoeke moet volledig ingedien word minstens 14 dae voor die aanvang van die vrystelling.
- Alle aansoeke, asook ‘n appél, sal binne 14 skooldae deur die BL hanteer en beantwoord word

# ASSESSERINGSBELEID

UITTREKSEL UIT DIE SKOOL SE ASSESSERINGSBELEID:

**11.2. Uitgebreide geleenthede**

Volgens Omsendbrief E06/2022, Bylae A, sal geen leerder ‘n verlengde/tweede geleentheid toegelaat word om hul assesseringspunt te verbeter nie.

Leerders mag ‘n tweede kans vir dieselfde assessering kry, maar dit is slegs vir intervensie- en ondersteuningsdoeleindes. Slegs die eerste punt wat behaal is, word aangeteken.

**13. Afwesighede tydens toetse en Junie eksamen**

**13.1.** Slegs ‘n doktersertifikaat, begrafnisbrief (naaste familie), hofbevel en deelname aan provinsiale of nasionale aktiwiteite sal in aanmerking gebring word as ‘n geldige verskoning.

Uitgebreide geleenthede sal deur die vakonderwyser gereël word en sal aan leerders en ouers gekommunikeer word. Waar moontlik, moet verwante assesserings binne 7 dae na die leerder terug is by die skool voltooi word.

Indien ‘n leerder afwesig is sonder ‘n geldige rede, soos hierbo gelys, sal die leerder nul (0) ontvang. Dokumentasie van redes vir die nie-nakoming van SBA assesserings moet deur die vakonderwyser voltooi word en deur die leerder en ouer onderteken word.

# DISSIPLINÊRE STELSEL

**INLEIDING**

Die dissiplinêre stelsel is aangepas volgens die SA Skolewet No 84 van 1996, Provinsiale Regulasies en die Beheerliggaam-goedgekeurde reëls en VLR-goedgekeurde grondwet. Enige ander oortredings hier nie beskrewe sal in die lig van die wet en regulasies beoordeel word. Oortredings is ter sake tydens en na skoolure. Oortredings geld op skoolterrein sowel as enige aktiwiteit van die skool of waar die skool betrokke is (bv. sportbyeenkomste by ander skole). Waar 'n leerling nie in skooldrag en buite skoolverband deur assosiasie die skool se naam in gedrang bring, bepaal die hoof in samewerking met die beheerliggaam gepaste optrede. Na swak gedrag (bv.  rook / drankgebruik) tydens skoolfunksies kan die voorreg ontneem word om vir die res van die jaar soortgelyke funksies by te woon. Leerlinge met swak skoolbesoek, of die neem van bloktyd sonder toestemming, kan geweier word om eksamen te skryf. Verontagsaming van tugmaatreëls kan lei tot 1-7 dae skorsing. Na gelang van die erns van die oortreding kan dit as 'n vlak 1,2 of 3 oortreding hanteer word.

- Enige gedrag wat die skool in ‘n slegte lig plaas, sal ondersoek word en dissiplinêre aksie mag daarop volg.
- Indien ‘n leerder tydens ‘n dissiplinêre verhoor ‘n sanksie opgelê word, mag dit nie deur die skool aangepas word nie. ‘n Appél kan volgens prosedure wel by die BL ingedien word.
- Sommige ernstige oortredings, byvoorbeeld aanranding met die opset om ernstig te beseer, seksuele aangeleenthede met minderjariges, en ander ernstige oortredings ingevolge artikel 9 van die Skolewet sal deurdie skool by die SAPD aangemeld word.
- Ingevolge Art 110 van die Kinderwet moet die skool onder Andere mishandeling, opsetlike verwaarlosing en seksuele misbruik van minderjariges aanmeld by die Departement van maatskaplike ontwikkeling, of die kinderbeskermingseenheid van die SAPD

Skorsing - volgens artikel 9 van die Suid Afrikaanse Skolewet No 84 van 1996 word skorsing omskryf as 'n tydelike maatreël en kan die skool 'n maksimum skorsingsperiode van sewe skooldae toepas. Tydens skorsing word geen deelname aan skoolaktiwiteite toegelaat nie.

Art 9 van die Skolewet bepaal dat indien ‘n leerder ‘n bedreiging is vir hom/haarself, ander leerders, personeel, eiendom of inligting, mag ‘n leerder vir ‘n maksimum van 7x skooldae geskors word in afwagting op die dissiplinêre verhoor. Hierdie skorsing vorm nie deel van ‘n sanksie nie, maar is ‘n voorsorgmaatreël en ‘n leerder mag dus steeds ‘n skorsing tydens sanksieoplegging ontvang as ‘n sanksie.

In terme van Algemene Omsendskrywe 2591 kan die volgende ernstige oortredings lei tot skorsing van ‘n maksimum van 7x skooldae:

a) onderrig bedreig, ontwrig of frustreer in ‘n klas
b) betrokke is in ‘n sameswering om die funksionering van die skool deur kollektiewe optrede te ontwrig
c) die eer en waardigheid van enige leerder of enige ander persoon aan tas, wat rassistiese opmerkings insluit
d) die verspreiding van enige toets- of eksamenmateriaal wat ‘n ander persoon in staat stel om ‘n onregverdige voordeel in ‘n toets of eksamen te verkry
e) oneerlikheid in ‘n toets of eksamen of enige ander vorm van assessering soos werkopdragte
f) betrokke is in onwelvoeglike openbare optrede
g) ‘n ander persoon seksueel teister
h) in besit van, of verspreiding van pornografiese materiaal
i) onder die invloed of in die besit van alkohol gevind word

Uitsetting - Volgens artikel 9 van die Suid-Afrikaanse Skolewet No 84 van 1996, is uitsetting 'n permanente stap wat deur die GDO Departementshoof (LUR) uitgevoer word. Sien ook die Buitengewone Provinsiale Koerant nommer 144; 4 Oktober 2000.

In terme van Algemene Omsendskrywe 2591 kan die volgende ernstige oortredings lei tot permanente uitsetting:

a) skuldig bevind is aan wangedrag soos beoog in bylae 1, nadat hy by twee vorige geleenthede aan dieselfde of soortgelyke wangedrag skuldig bevind is
b) versuim om aan ‘n skorsing as korrektiewe maatreël te voldoen; of
c) opsetlik en sonder verskoning:
    i. enige dokument of handtekening vervals, wat kan lei tot die benadeling van die werking van die skool en sy bedrywighede
    ii. handel dryf in enige toets- of eksamenvraestel of in enige toets- of eksamenmateriaal
    iii. poog om enige persoon om te koop of omkoopgeld te aanvaar ten opsigte van ‘n toets of eksamen vraestel, om hom- of haarself of enige ander persoon in staat te stel om ‘n onbillike voordeel daarby te kry
    iv. betrokke te raak in bedrog
    v. betrokke is met diefstal, of oneerlik op te tree tot nadeel van ‘n ander persoon
    vi. in besit, of gebruik, of handel dryf in enige onwettige of skadelike middel
    vii. In besit van, of, die gebruik of die oordraging van narkotiese of ongemagtigde dwelmmiddels, of die sigbare bewyse van die besit, gebruik of oordraging daarvan
    viii. In besit is van enige gevaarlike wapen
    ix. ‘n ander persoon aanrand of dreig om hom of haar aan te rand
    x. enige persoon gyselaar hou
    xi. enige persoon vermoor
    xii. enige persoon verkrag, of betrokke raak in enige seksuele aktiwiteit wat lei tot die oortreding van die Wet
    xiii. enige eiendom kwaadwillig beskadig

**<u>PROSEDURE</u>**

- Detensie word aangemeld by graadhoof en ‘n DT2 brief vir detensie word aan ouers gegee. Leerder sit detensie op die volgende Maandag van 14:00 – 16:00. Geen sport / kultuuraktiwiteit is toelaatbaar gedurende detensie nie. Detensie word aangeteken op die vooglêer en rapport. Indien leerder nie opdaag vir detensie nie, word dit aangemeld by die graadhoof en ‘n ekstra detensie word toegeken (dus 1 + 1).
- Aanhoudende ontwyking van detensie word verwys na die hoof en ouers word gekontak. Dit kan lei tot ‘n dissiplinêre verhoor en/of skorsing.
- Drie detensieklasse en/of 18 kwartaallikse kumulatiewe detensiepunte word verwys na graadhoofe en ouers word gekontak d.m.v. ‘n DT3.
- Na vier detensieklasse en/of 30 kwartaallikse kumulatiewe detensiepunte word ouers genooi vir ‘n onderhoud met die adjunkhoofde / hoof. Ouers word gekontak d.m.v. ‘n DT4.
- Vyfde detensieklasse en/of 50 kwartaallikse kumulatiewe detensiepunte word gerapporteer aan adjunkhoof / hoof en dissiplinêre verhoor word belê. Alle volgehoue vlak 1 oortredings kan lei tot ‘n vlak 2 en vlak 3 oortreding en handeling.
- ‘n PN 93 verslag wat deur leerders voltooi word, is nie ‘n verklaring nie, maar ‘n skriftelike weergawe van gebeure/klagte/respons op ‘n klagte/getuienis volgens die leerder. ‘n Ouer hoef nie teenwoordig te wees wanneer die leerder dit voltooi nie.

# DISSIPLINÊRE STELSEL

# VLAK 1 GEDRAGSKODE OORTREDINGS

## AKADEMIESE OORTREDINGS VAKONDERWYSER

| | | |
|---|---|---|
| HV | Huiswerk versuim | 2 |
| PO | Periode-ontduiking (direkte detensie) | 6 |
| SG | Swak gedrag | 3 |
| BV | Boeke vergeet | 2 |
| OV | Werk ontoereikend/onvolledig/ slordig | 1 |
| TO | Toetse ongeteken | 2 |
| LK | Laatkom in klas | 2 |
| AF | Huiswerk afskryf | 3 |
| KV | Klas verlaat sonder toestemming | 2 |

**TOTAAL VAN 6 PUNTE VIR DETENSIE**

LEER OF ONDERRIG IN 'N KLAS ERNSTIG ONTWRIG OF FRUSTREER – VERWYS NA GRAADHOOF

## VOOGOORTREDINGS: VOOGONDERWYSER

| | | |
|---|---|---|
| SK | Skeurstrokie uitstaande | 1 |
| VK | Voorkoms | 2 |
| RO | Rondloop in voogperiode | 2 |
| AB | Afwesigheidsbrief uitstaande | 2 |
| SG | Swak gedrag | 3 |
| OW | Vloek/onwelvoeglike briewe | 3 |
| LE | VLR is bewus van oortreding en meld dit nie aan nie | 3 |
| BV | Huiswerkboekie by die huis | 2 |

**TOTAAL VAN 6 PUNTE VIR DETENSIE**

LEER OF ONDERRIG IN 'N KLAS ERNSTIG ONTWRIG OF FRUSTREER – VERWYS NA GRAADHOOF

## ALGEMENE OORTREDINGS: LÊER IN ADMINKANTOOR – ALLE PERSONEEL

| | | |
|---|---|---|
| LK | Laatkom vir skool | 2 |
| SW | Nie  by toesig nie | 3 |
| SG | Swak gedrag | 3 |
| VR | Liefkosing in skool/sportdrag/ander skoolaangeleenthede waar dit 'n verleentheid skep. (Liefkosing sluit in drukkies en hande vashou, 30 cm van mekaar af te alle tye) | 3 |
| SP | Afwesig van wedstryd/kultuuroptrede | 3 |
| OS | Ongemagtigde gebruik van selfone | 3 |
| VO | Onveilige / onregmatige gebruik van voertuie op of by skoolterrein (fiets, motorfiets, motor, ens.) (direkte detensie). | 6 |
| KB | Onregmatige kontak na buite om skoolterrein te verlaat | 3 |
| VT | Verlaat skoolterrein sonder toestemming | 3 |

**OORTREDINGS WORD OP KLASLYSTE AANGEBRING**

Dissiplinêre komitee volg op en verwys leerlinge met 6 punte vir detensie.

# DISSIPLINÊRE STELSEL

## VLAK 2 GEDRAGSKODE OORTREDINGS

- Herhaalde Vlak 1-oortredings
- Valse inligting verskaf, bv. in ‘n PN 93-verslag.
- Stokkiesdraai vir gedeelte van/hele skooldag.
- Terrein verlaat sonder toestemming.
- Massa wegloop aksie of massa-optrede organiseer of daaraan deelneem.
- Neem van bloktyd sonder toestemming.
- Intimideer/viktimiseer/ naamskending/ afknouery (boelie).
- Haarkleur of strepies in hare.
- Toets of eksamen afskryf.
- In besit van satanistiese leesstof / tekeninge / simbole.
- Voortdurend uittartend / uitdagende gedrag en provokasie teenoor personeel en medeleerders.
- Ontwrigting en/of frustrasie van klasse, leersessies of onderrig.
- Ondermyning van gesag, ingesluit VLR, PN-Raadslid, personeel of opvoeder, maar nie beperk hiertoe.
- Aggressiewe of uitdagende gedrag teenoor enige persoon (provokasie).
- Disrespekvolle optrede teenoor personeel of persone in posisie van gesag
- Aan enige daad van openbare onsedelikheid deelneem.
- Skoolbesoek - 10 dae afwesig sonder mediese sertifikate (nie noodwendig aaneenlopend).
- Rooktoeskouer.
- Dobbelary.
- Weier om ‘n sanksie uit te voer soos opgelê tydens ‘n dissiplinêre verhoor.
- Onregmagtigde gebruik van die skoolwapen op sosiale media.
- Haatspraak/rassisme of enige diskriminerende optrede/aanmerkings teenoor ‘n ander.
- Gevaarlike speletjies.
- In besit van onwelvoeglike tekeninge/simbole/taalgebruik op ‘n dokument.

**<u>VOORGESTELDE PROSEDURE</u>:**

- **<u>STAP 1</u>:**
  Oortreding word aangemeld by voog/graadhoof/departementshoof/ dissiplinêre hoof/adjunkhoof/hoof.
- **<u>STAP 2</u>:**
  PN93 word ingevul en daar word telefoniese kontak gemaak en / of onderhoud met ouers gereël indien nodig.
- **<u>STAP 3</u>:**
  Aantekening van onderhoud op lêer.
- **<u>STAP 4</u>:**
  ‘n Moontlike dissiplinêre verhoor vind plaas.
- **<u>STAP 5</u>:**
  Moontlike sanksies word opgelê, insluitende 1-5 dae skorsing - afhangende van die graad of herhaling van oortreding.
  - Gedurende skorsing mag daar aan geen sportbyeenkomste / skoolaktiwiteite deelgeneem word nie.
  - ‘n Leerder sal toegelaat word om eksamens/toetse te skryf d.m.v. ‘n spesiale reëlilng.
- **<u>STAP 6</u>:**
  PN93, verhooruitslag en sanksies word op vooglêer aangeteken.

**<u>APPÉL</u>:**

Die ouer het die reg om appél aan te teken by die voorsitter van die beheerliggam onder die volgende voorwaardes:

1) Binne 24 uur van ontvangs van die uitslag van die verhoor.
2) Appél kan NIE op grond van sosiale- en maatskaplike redes aangeteken word nie.
3) Appél KAN aangeteken word op grond daarvan dat die proses nie korrek hanteer is nie.
4) Appél KAN aangeteken word a.g.v bewyse wat nie voorgelê is nie, en wat die uitspraak kan verander.
5) Appél KAN aangeteken word a.g.v. bevooroordeeldeid van die komitee.

# DISSIPLINÊRE STELSEL

## VLAK 3 GEDRAGSKODE OORTREDINGS

- Herhaalde Vlak 2-oortredings
- Dokument / brief / telefoonoproep vervals.
- Teken uit met vervalste brief / oneerlike telefoonoproep / handtekening.
- Doelbewuste verontagsaming van die skool se gedragskode.
- Verontagsaming van gesondheidsregulasies.
- Besit, gebruik of oordrag van alkohol / dwelmmiddels.
- In besit van, gebruik maak van, of narkotiese of ongemagtigde dwelms oordra of indien daar sigbare bewys is van sodanige besit, gebruik of oordrag.
- In besit van enige gevaarlike wapen.
- Vraestelle steel / kennis dra van gesteelde vraestelle / enige persoon omkoop ten opsigte van enige toets of eksamen.
- Deelname aan bedrog.
- Eiendom kwaadwillig beskadig / Ernstige vandalisme.
- ‘n Persoon aanrand of dreig om ‘n ander persoon aan te rand.
- Fisiese geweld teenoor personeel. Enige persoon gyselaar hou.
- Enige persoon vermoor.
- Seksuele oortredings.
- Skoolbesoek - 15 dae afwesig sonder mediese sertifikate (nie noodwendig aaneenlopend)
- Diefstal.
- Breek of beskadig ander se eiendom opsetlik.
- Vandalisme.
- Besit / versprei pornografiese materiaal.
- Enige aksie wat as misdaad geag word deur die basiese landswette.
- Gebruik/besit van sigarette of enige verwante items/produkte na-ure in skooldrag, tydens skoolfunksies van enige aard, asook die verskaffing van sigarette en/of verwante items/produkte aan medeleerder(s) – verwys na punt 13 van die gedragskode.

**<u>VOORGESTELDE PROSEDURE</u>:**

- **<u>STAP 1</u>:**
  Oortreding word aangemeld by voog/graadhoof/departementshoof/ dissiplinêre hoof/adjunkhoof/hoof.
- **<u>STAP 2</u>:**
  PN93 word ingevul en daar word telefoniese kontak gemaak en / of onderhoud met ouers gereël.
- **<u>STAP 3</u>:**
  Aantekening van onderhoud op lêer.
- **<u>STAP 4</u>:**
  ‘n Dissiplinêre verhoor vind plaas.
- **<u>STAP 5</u>:**
  Moontlike sanksies word opgelê, insluitende skorsing of aanvraag vir permanente uitsetting - afhangende van die graad of herhaling van oortreding.
  - Gedurende skorsing mag daar aan geen sportbyeenkomste / skoolaktiwiteite deelgeneem word nie.
  - ‘n Leerder sal toegelaat word om eksamens/toetse te skryf d.m.v. ‘n spesiale reëlilng.
- **<u>STAP 6</u>:**
  PN93, verhooruitslag en sanksies word op vooglêer aangeteken.

**<u>APPÉL</u>:**

Die ouer het die reg om appél aan te teken by die voorsitter van die beheerliggam onder die volgende voorwaardes:


1) Binne 24 uur van ontvangs van die uitslag van die verhoor.
2) Appél kan NIE op grond van sosiale- en maatskaplike redes aangeteken word nie.
3) Appél KAN aangeteken word op grond daarvan dat die proses nie korrek hanteer is nie.
4) Appél KAN aangeteken word a.g.v bewyse wat nie voorgelê is nie, en wat die uitspraak kan verander.
5) Appél KAN aangeteken word a.g.v. bevooroordeeldeid van die komitee.
6) Na uitslag van die HOD, kan appél aangeteken word by die LUR van onderwys binne 48 uur.

# TEN OPSIGTE VAN SKOOLBAADJIE, HALF-EREKLEURE, EREKLEURE, AANSPELDTOEKENNINGS EN ANDER BALKIES

**<u>Spasiëring en posisie:</u>**


**a. Erekleure onder die skoolwapen.**

i. Die trog van die eerste toekenning moet 2 cm onder die sak se onderkant wees.
ii. Toekennings word 1 cm van mekaar gespasieer – Trog na Kruin.
iii. Aangesien al die balkies nie ewe breed is nie, word die balkies gesentreer rondom die "lyn" wat die skoolwapen halveer.




**b. Halfkleure word op die regterbors van die baadjie vasgewerk.**

i. Horisontaal in lyn met die eerste erekleure toekenning of indien erekleure nog nie toegeken is nie, in lyn met waar die toekenning sou wees.
ii. 1 cm tussen trog en kruin soos erekleure
iii. Die toekennings word gesentreer rondom die middel van elke balkie




**c. Aanspeldtoekennings.**

Slegs amptelike aanspeldtoekennings wat deur die skool toegeken word mag gedra word. Dit word op die linkerkraag van die baadjie vasgesteek. Indien die leerder slegs 'n hemp aanhet, word die toekenning op die hemp se linkerkraag vasgesteek.

**d. PN-Raadsklere:**

Die koord van die PN-Raadslede word 5 cm vanaf die punt van die mou ingewerk. PN-Raadslede kry een koord, die onderhoofleiers dra twee koorde en die hoofleiers dra drie koorde. Die tweede en derde koorde moet 2 cm van mekaar af vagewerk word.

# NOORDERLIG

Ons visie is om ’n groep te wees waar leerders se behoeftes raakgesien word, hulle menswaardigheid erken word, en ’n omgewing te skep waar leerders gelukkig kan wees.

Ons missie is die beskerming en opheffing van die leerder in nood. Die kweek en instandhouding van waardes en morele standaarde. Om ’n skoolomgewing te vestig waar elke leerder gelukkig kan wees, en ondersteun word om sy volle potensiaal te bereik.

**NOORDEHOEKIE**

Die skool beskik oor ’n klerebank bekend as die Noordehoekie. Die Noordehoekie is toegerus met skenkings van skoolklere, skryfbehoeftes sowel sporttoerusting.

**WAAR**: Agter die skoolsaal
**TYE**: Maandae en Donderdae, 07:30 tot 08:00.

**GEEL POSBUSSE**

Daar is twee geel posbusse aangebring op die skoolterrein en is die leerders welkom om enige versoeke om hulp en enige ander voorstelle daarin te plaas. Hierdie posbusse word deur ’n onafhanklike persoon oopgemaak en die inligting vertroulik hanteer.

**NOODNOMMERS**

SAPS Pretoria-Noord: Tel: (012) 353-5666
Ben Viljoenstraat 325, Pretoria-Noord

Pretoria-Noord Kliniek: Tel: (012) 565-6667
Jack Hindonstraat 376, Pretoria-Noord

CMR Pretoria-Noord: Tel: (012) 546-0650
Eeufeesstraat 337, Pretoria-Noord

